

VAN STAMVERWANTE BODEM

Suid van die ou handelsentrum Tomboectoe, in die teenswoordige republiek Mali, het eeue gelede die Tellemvolk gewoon wat hoog in die rotswande van 'n plato hul nedersettings gevestig het. Die geskiedenis van die Tellem het die aandag getrek van 'n aantal Nederlandse argeoloë, o.m. die Afrikakenner Herman Haan, en die resultate van die navorsingswerk van hom en sy medewerkers is op 'n boeiende en besonder leersame wyse — veral waar dit die toepassing van moderne wetenskaplike werkwyses betref — in die publikasie *Tellem. Verkenning van een ode Afrikaanse kultuur* deur Bert Schierbeek, Moussa Oumar Sy en Herman Haan (Phoenixboeke, U. M. W. de Haan-Standaard Boekhandel; Zeist-Antwerpen, 1965) beskrywe. 'n Groot aantal pak-kende foto's en 'n aantal werktekeninge asook die neerslag van oorlewings oor die verdwene Tellemvolk vorm, saam met die wetenskaplike beskrywing, 'n treffende geheel van 'n werkie wat sowel die aandag van die vakman as die belangstellende leek moet en sal trek.

Van 'n heeltemal ander geaardheid is die inhoud van nr. 20 (jg. 18; 7.10, 1966) van die tydskrif *Ost-Probleme* waarin, aan die hand van publikasies die bedrywighede van die Sjinese Kommuniste in ons wêrelddeel belig en insig gegee word in die leer-stellings en rewolusionêre opleidingsprogramme wat deur Peking onder die nie-blankes in Sentraal-Afrika versprei word.

In jk. 6, nr. 3, Sept. 1866 van die *Kroniek van Afrika* (Afrika Studiecentrum, Leiden, Nederland) word o.m. aandag gewy aan die uitspraak deur die Internasionale Geregshof in Den Haag aangaande S.W.A., terwyl P. H. Gulliver in sy bydraë *The development of labour migration in Africa* 'n vraagstuk belig wat ook vir ons van die grootste belang is. In sy slotbeskouing skryf dr. Gulliver o.m.:

Thus the evidence available suggests that an increasing number of men and their families have become and continue to become more and more dependent on abilities that can only be utilised in town, and on levels of income and standards of living, which can only be obtained there. But this process has not yet reached the stage of producing a well-defined, clearly committed, permanent class of wage-earning, urban workers divorced from the rural areas. If urban, industrial and commercial economic developments continue then it is most probably that this class will develop too. At present it looks as though the latter development will only be gradual, and that migrant labour will continue to persist; and this will be for essentially the same sort of reasons that migrant labour grew and flourished in earlier decades in Africa (p. 265).

Volgens 'n prospektus het in Nederland 'n nuwe maandblad vir geskiedenis, argeologie en hul hulpwetenskappe onder die naam *Spiegel Historiae* verskyn. Die redaksie berus by: H. Dijkstra (Amsterdam), prof. dr. J. A. van Houtte (Leuven), A. G. van der Steur (Haarlem), dr. M. de Vroede (Lier, jkvr. dr.), J. M. van Winter (Utrecht), drs. A. M. van der Woude (Wageningen) en C. J. Visser (Amsterdam, sekr.). Die uitgewers is Van Dishoeck-van Holkema en Warendorf N.V., Bussum (Ned.).

Van besonder belang in *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 13, 1966, II) is Ernst Crone se bydraë *De vondst op Nova Zembla. Een hernieuwd onderzoek der navigatie-instrumenten* (pp. 71-85). Hierdie bydraë het betrekking op seevaartkundige instrumente wat in 1596-1597 deur die Nederlandse ekspedisie onder Willem Barendsz, J. van Heemskerck en J. C. Rijp op bogenoemde eiland agtergelaat en in 1871 deur 'n Noorse skeepskaptein teruggevind en deur die Nederlandse regering aangekoop is. Dr. Crone het o.m. besonderhede oor die handlood, die Jakobstaf, 'n hoekmeetinstrument,

die *armken van Barents*, en die lektewyster verstrekk. Die inhoud van hierdie hydrae is van besondere belang vir die kennis van die outydse skeepvaart om die Kaap.

Met betrekking tot die kulturele samewerking tussen Nederland, die Nederlandse Antille en Suriname vestig ons die aandag op die jongste jaarverslag van STICUSA (1965) wat onlangs in Amsterdam die lig gesien het (adres: STICUSA, J. J. Viottastraat 41, Amsterdam-Suid).

Onlangs is in Rotterdam 'n simposium oor die argeologie van die Middeleeue gehou. Argeologiese opgrawings het o.m. aan die lig gebring dat Rotterdam in die ver verlede oor 'n groot aantal kastele beskik het, terwyl lesings oor die Hansestede Bergen en Lübeck gehou is. Besonderhede oor hierdie internasionale vakkundige byeenkoms, is in die tydskrif *Rotterdam* (jg. 4, 1966, IV) gepubliseer.

Die hydrae *The Dutch in Britain* (Circuit, 14) bevat o.m. besonderhede oor Nederlandse en Vlaamse emigrasie na Engeland in die 14de eeu en die 16de eeuse Nederlandse invloed op die vestiging van 'n groot aantal bedrywe aldaar. Van besondere belang is die hydrae *The first illustrious coffee planter in Brazil*, t.w. Dirk van Hogendorp (1761-1822), 'n broer van Gijsbert K. van Hogendorp wat hom aan die begin van die 19de eeu t.o.v. verwesenliking van kolonisasieplanne in ons land beywer het. Die inhoud van 's *Gravenhage* (jk. 21, nr. 3, 1966) is gewy aan die historiese monumente-skat van Den Haag, terwyl *dr. C. A. van Swigchem* in sy werk *Afbraak of restauratie. Monumentenzorg in Nederland* (Fibulareeks 14, Bussum, 1966) o.m. aandag wy aan die geskiedenis van die versorging van en die sorg vir monumente in Nederland, monumentbeskrywing, restaurasie, restourasiestyle en die monument en sy omgewing. Hierdie nuttige werkie is van 'n groot aantal insiggewende afbeeldings voorsien. 'n Voortreflike beskrywing van een van die bekendste monumente van die provinsie Groningen het van die hand van dr. A. T. Schuitema Meijer onder die titel *Het Klooster Ter Apel* (144 bl.) in 1966 by die uitgewersbedryf J. B. Wolters (Groningen) verskyn. Die voormalige klooster, wat gedeeltelik bewaar gebly het en van omstreeks 1465 dateer, is van 1931-33 gerestoureer.

Wie belangstel in die geskiedenis van die *Nederlandsche Telegraafmaatschappij* (1851-1864) word verwys na die gelyknamige hydrae van die hand van *dr. E. A. B. J. ten Brink* in dl. 30 van die *Economisch Historisch Jaarboek* (Den Haag, 1965, pp. 118-169). Van die hand van dieselfde skr. het, hierdie keer in die *Tijdschrift voor Geschiedenis* (Groningen, 1966, II) die hydrae *Willem I en de berichtenverkeersdiensten* (pp. 149-174) verskyn. Dr. ten Brink is die amptelike geskiedskrywer van die Nederlandse P.T.T.

Die *Vlaamse Toeristenbond* (VTB) is reeds geruime tyd bedrywig om die Vlaamse Toeristiese Bibliotheek, 'n reeks populêr-wetenskaplike handboekies, verder uit te brei. O.m. het die volgende deeltjies reeds die lig gesien: *M. Smeyers, De Abdij van Vlierbeek* (nr. 40, 16 bl.); *dr. G. H. Verbist, Vesalius 1514-1564* (nr. 42, 16 bl.); *E. Balduck, Krijgskerkhoven en oorlogsmonumenten in het Ieperse* (nr. 61); *P. C. Paardekoper, Vlaanderen in Frankrijk* (nr. 66); terwyl ander uitgawes van belang o.m. die volgende is: *Jan Briers, Twintig historische zalen te Gent* (nr. 52) en *Rita Hostie, Zes Vlaamse schilders* (nr. 54).

In *Antwerpen* (jg. 12, nr. 3, Sept. 1966) het hoofbibliotekaris Paul van Tichelen die geskiedenis van die openbare biblioteke van Antwerpen (1886 en die eerste jare daarna) beskrywe en o.m. aandag geskenk aan die werksaamhede wat van 1873 tot 1903 deur een van sy voorgangers, C. J. Hansen, verrig is (p. 124). Ons verwys ons lesers graag in hierdie verband na Dom A. Smits se werk *Betrekkingen tussen Vlaanderen en Zuid-Afrika* (Brugge, 1943) waarin hoofstuk VII aan die lewe en werk van Hansen met betrekking tot Nederland, Vlandere en Suid-Afrika gewy is (pp. 97-103).

Dr. J. Ploeger.